**15 Oktober**
**Skriflesing: Matteus 28:11-20; Johannes 21:1–25**
**Fokusgedeelte: Johannes 21:1–13**

## Christus versorg en regeer sy kerk met liefde

Simon Petrus gaan visvang en die ander gaan saam. Hulle probeer heelnag sonder enige sukses (vergelyk ook Luk 5). Die volgende oggend met die eerste lig is hulle moeg, moedeloos en honger. Deur die oggendmis van die See van Tiberias vra ‘n stem of hulle iets gevang het. Moedeloos antwoord hulle, “Nee!” Sonder Hom is alle werk tevergeefs. Dieselfde stem gee met gesag opdrag om die net uit te gooi. Moeg gehoorsaam hulle.

Hulle mislukking kontrasteer met die oorvloedige wyse waarop Hy versorg. Johannes besef dit is die Here, want net Hy het soveel gesag. Nadat die net uitgetrek is, nooi Jesus sy dissipels om te kom eet. Hy is die gasheer en versorg sy kudde met liefde. Wanneer Hy teenwoordig is, weet almal wat glo dat Hy dié Christus is.

Jesus Christus is in beheer van alles en versorg sy kerk. Daar is nooit ‘n gebrek waar Hy aanwesig is nie. Hy voorsien in al die behoeftes van sy kinders. Hy seën en gee die vrug op ons arbeid selfs wanneer ons moedeloos en moeg is en gedink het alles is tevergeefs. Hy sien alles wat ons doen, al sien ons Hom nie altyd nie. Hy versterk eers sy dissipels voordat Hy hulle uitstuur. Hy herstel Petrus en leer hom om met liefde na sy kudde om te sien. Hy gebruik verloste sondaars in sy diens. Omdat dit die kudde van die Here is wat versorg moet word, moet hulle met liefde gedien word. Hy is die Alomteenwoordige wat sy kerk versorg en stuur.

*Sing: Psalm 121:1,3,4 Dr SJ van der Merwe (Duineveld)*